Dat daar baie persone, groepe en strominge is wat alleen maar raas vanuit die onrus en leegheid van eie siel, is seker nie te betwyfel nie. Dit is ook die oortuiging van baie van die sterkste buitelandse teenstanders van apartheid. Ons in Suid-Afrika moet sake nie meet aan die ontwigting van ontwigtes nie. Ek het dieper as voorheen daarvan oortuig geword dat ons meer ernstige aandag moet skenk aan die denke en broederlike roepe van gelowiges in ander lande. Isolاسie sal nie baat nie. Wie homself onttrek, soek homself; en wie homself soek, sal homself verloor!

Om apartheid op teologiese gronde te probeer verdedig is 'n onbegonne taak. Ek is oortuig dat 'n mens met so 'n verspote poging die beeld van Suid-Afrika alleen maar kan skaad. Hoe eerder sommige kerke in Suid-Afrika so 'n poging staak, hoe beter.

Vertikaal en Horisontaal

Dit is moeilik om as vreemdeling in Europa 'n gesigspunt, van waaruit jy enigsins tot 'n beoordeling van die vloeibare en newelagtige situasie van die dag kan kom, te vind.

Ek glo dat jy so 'n punt vind in die spanning tussen die sogenaamde vertikale en horisontale. Jy kan dit ook noem die spanningspunt tussen konserwatief en progressief of soos dit in sommige kringe in Suid-Afrika genoem word: konserwatief en liberaal. Streng terminologies gespreek is genoemde spanningspunte nie identiek nie, maar per slot van sake kom dit tog op dieselfde neer.

Die gevaar van *valse teenstelling* is nie denkbeeldig nie. Dit is maklik om jouself te skaar onder 'n groep van die sogenaamde vertikale lyn en dan van daaruit die horisontalisme te beveg. So kan jy ook as mens van die horisontale lyn die vertikalisme beveg.

Die vertikalisme en horisontalisme is egter nie reële teenstanders van mekaar nie. Hulle ooreenkoms is veel groter as hulle verskil. Eintlik is hulle tweelingbroers. Beide is verbrekers van die volle lewensverband. Die vertikalisme mag roem in die „Woord wat dit moet

doen", terwyl hy nie van harte leef uit die geloof dat die Woord juis vlees geword het en deur ons heen wil werk in die wêreld nie. Jy kan langs hierdie weg die krag van die Heilige Gees bely, terwyl jy die Gees bedroef en uitblus deur blind te wees vir die konkrete nood van ons tyd. Jy kan heilige huisies bou en veel praat oor die gebed en die verhouding tot God, terwyl jy die eie belang en ongeregtheid in staat en maatskappy rustig laat voortwoeker. So kan ook die horisontalis sy kommer en besorgdheid uitspreek oor die nood van die hedendaagse samelewing. Hy kan tydig en ontydig besig wees om baie vorme van slapheid en onreg te bekamp, terwyl Christus vir hom 'n blote aardse Messias geword het.

Beide vertikalies en horisontalis ywer uit die krag van die natuurlike mens. Albei is doof vir die woord van die Apostel: „Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kol. 3:23). Die eintlike nood lê tog agter alles op die vlak van die geestelike verdorring.

Suid-Afrika donkerder as Europa?

Terwyl ek gedurende my reis van hierdie nood bewus gebly het, was dit temeer pynlik omdat 'n mens besef dat dit 'n nood is wat in jou eie boesem skuil. Ek het ook dieper besef dat dit die nood in my eie vaderland is. Trouens ek glo dat die situasie in 'n sekere sin in Suid-Afrika donkerder as in Europa is. Vanuit kerklike oogpunt gesien, is die nood in Suid-Afrika miskien meer kompleks en minder deursigtelik. Die terme „regs” en „konserwatief”, „links” en „liberaal” is so gelaai met 'n politieke konnotasie dat jy moeilik daardeur heen kan dring tot die blootlegging van die skynsituasie op teologiese en kerklike vlak. As jy nie die „regse” politiek teologies goedkeur en steun nie, word jy baie maklik as teologies „links” en „liberaal” bestempel. Wanneer die terme „links” en „regs” kwistig gebruik en rondgestrooi word in die kerk, dan mag 'n mens tereg vra of iemand dan links of regs van Christus kan staan? Van waar het „konserwatief” 'n waarmerk van regsinnigheid en gods-vrug geword? Sou Christus nie ten tye van Sy aardse omwandeling deur die konserwatiewe Fariseër as 'n liberalis bestempel gewees het nie? Dit was tog immers Christus wat die oorleweringe van die vaders skerp aangetas het en gemeenskap beoefen het met 'n veragte bastervolk.

Deur sulke valse teenstellinge word juis die siellose humanisme in die kerk ingedra, en die ware karakter van die Kerk van Christus aangetas en verkrag.

Die Ekumene

Ook op hierdie vlak het ek weereens onder die indruk gekom van die bestaan van valse terme en valse geskeidenheid. Daar is 'n yweraar vir die ekumene en 'n teenstander van die ekumene wat digby mekaar staan en ook eintlik tweelingbroers is. Daar is die yweraar, noem hom die horisontalis of liberalis of

progressiewe as u wil, vir wie dit meer gaan om kerklike eenheid en samewerking as om die waarheid en eer van God. Daar is die teenstander, noem hom die vertikalies of konserwatiewe as u wil, vir wie dit meer gaan om sy eie model en eie kerk as om die waarheid en eer van God. Albei is ewe eiewillig, onbewoë en oppervlakkig. Die lewe draai om hulle self. Beide is ruimte-aanbidders—die een aanbid die wydtes; die ander aanbid die engte!

In die vloeibare en gebroke wêreld van ons dag, mag gelowiges nie mekaar se hande vashou is 'n gees van onheilige flirtasie nie, maar hulle mag ook nie mekaar se hande los in 'n gees van onbewoëheid nie. Die liefde is bly saam met die waarheid. Die liefde is lankmoedig. Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles (1 Kor. 13).

Die Psigo-pastorale Arbeid

Op hierdie vlak word geseënde werk verrig en 'n mens kan dit seker nie maklik oorskakel in jou waardering nie.

Die mens is nooit in 'n losstaande lyn te ontmoet nie. Hy is immers verhoudingswese. Die beklemtoning van die noue verband tussen die psigologiese en sosiologiese is dus goed te begryp en byna vanselfsprekend. Tog het dit my getref hoe ernstig sommige, veral teoloë, waarsku teen die gevaar van die verabsoluttering van die sogenoemde sosiologiese kollektiwisme. Die eensaamheid en verydeling van die enkele mens is intenser en dieper as die meer algemene van die kollektiewe.

Meer nog as deur die lees van boeke, tref dit 'n mens in gesprekke en by besprekings by geleentheid van konferensies hoedat die sogenoemde non-direktiewe metode op die psigopastorale vlak in die afgelope twee dekades veld gewen het. Dit is belangrik om met 'n oop gemoed te *luister* na die ontboeseming van die vasgeloopte mens. Dis ewe belangrik om met hom mee te gaan in die doolhowe van sy noodsituasie en met hom „mee te speel” in die soeke na 'n oplossing. Heel begryplik is daar 'n groeiende weersin teen die mens wat alles weet en reeds by voorbaat vir elke probleem 'n finale oplossing het. Om té maklik gereed te wees met „so sê die Here” is meestal 'n lafhartige ontvlugting en 'n vermyding van die ware pastorale verantwoordelikheid.

Aan die ander kant is die gevaar egter ewe groot om op lafhartige wyse „mee te speel” met die mens in nood.

Die gevaar van 'n siellose formalisme dreig dus aan beide kante. Jy kan die Woord van die Here misbruik as 'n skans teen die pyn van die waaragtige meelewing en meeworsteling met jou naaste; maar jy kan ook „meespeel” en „meegaan” sonder 'n waaragtige buiging voor die Woord van die Here. In laasgenoemde geval ontbreek dit aan die krag van die profetiese en kom die Christelike vermaning nie tot sy reg nie.

Gedurende my reis het ek soms pynlik onder die

indruk gekom van die groot gevare wat dreig op psigo-pastorale vlak. Mense het soms 'n arendsoog vir afwykinge op eksegetiese en dogmatiese vlak, terwyl hul die meer subtiële gevare in die praktyk van die psigo-pastorale veld onderskat en soms nie eens opmerk nie.

Belangrikheid van die Homeopatie

Sterker as ooit te vore het ek onder die indruk van die belangrikheid van die homopatie gekom. Geneeshere wat ook in hierdie veld van die mediese wetenskap onderleg is, het sonder enige twyfel 'n groot voorsprong.

Dit tref 'n mens telke male weer hoe diep die homopatiëse middele ingryp in die psigiese sfeer. As gevolg hiervan en nie as gevolg van 'n onderskatting van die psigologiese faktor nie, vind 'n mens ook dikwels dat kundige homopate die psigologie as 'n aparte entiteit nie sterk genoeg beklemtoon nie. „Jy kan nie sê dat die psigiese altyd psigies is nie.” Juis op die vlak van die homopatie kom 'n mens baie sterk tot die oortuiging van die geweldige noue verband tussen liggaam, siel en gees. Jy kan nie skei nie. Kan jy selfs goed onderskei? Vanuit byna elke aspek raak jy die mens in sy ganse totaliteit.

In die praktyk van die psigiatrie bestaan die vrees dat medikamente die analise kan strem. Psigiaters wat ook in die homopatie onderleg is, reken egter dat die homopatiëse middele 'n sterk hulp is om te help om die analise na vore te bring en genesing van onderliggende komplekse te steun en te vergemaklik.

Die volgende vraag het dikwels by my opgekom: Waarom het die praktyk van die homopatie so 'n groot agterstand wat getalle betref? Waarom vind dit so moeilik ingang in die mediese praktyk? Hierdie vraag is deur 'n bejaarde en welbekende homopaat en ook 'n kundige en troue allopaat, soos volg beantwoord: Dit is deur die materialisme en gemaksgoed van die artse. Die allopaat kan met inspuitings en wyddekkende tablette baie meer pasiënte behandel. Vir sy doel hoef hy hom ook nie so diepsinnig en intens besig te hou met die persoonlike gesteldheid van die pasiënt nie. En wanneer hy die aand reeds ontspan, moet sy homopatiëse kollega nog die materia medika bestudeer.

En tog kom 'n mens voortdurend onder die indruk van 'n proses van gisting en soeke na nuwe weë tot genesing. Een arts het dit as sy oortuiging uitgespreek dat ons op pad is na 'n totale nuwe benadering en dat ons oor 50 jaar sal sê: Hoe dom was ons om mense so vol gif te stop!

Die „Festival of Light”

Saterdag 25 September het ek na Trafalgar Square gegaan waar meer as 40 000 jongmense bymekaar gekom het vir die „Festival of Light”. Onder hulle was bekeerlinge uit die wêreld van die hippies en

dwelmverslawing. Te midde van teenbetoging en bespotting van die kant van kommuniste en ateïste van allerlei slag, het hulle gesing en van Christus getuig en die teenstanders probeer oortuig.

Baie vrae het by 'n mens opgekom. Hoeveel prestasiegees en sensasielus is hier? Hoeveel diepte en oppervlakkigheid? Is dit egte geloofsbeleving of alleen maar 'n godsdienstige hippiekultus? In jou hart het jy ook ander vrae gevra. Is hier miskien baie ontwrigtes wat in wanhoop aan die einde van hulle wêreld van valse hoop en verwagting gekom het? Het baie van hulle se hande juis daarom leeg genoeg geword om na Christus te gryp?

Wie in die naam van Christus mense in hul nood wil help, het te doen met die barre werklikheid van sonde en feilloose genade.

Het die goedheid en korrektheid van die moderne volwasse mens, binne en buite die kerk, nie 'n groot struikelblok tot die ontmoeting met Christus geword nie?

Ek het ook gedink aan die Woord van Christus: „Die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die Koninkryk van God” (Matt. 21:36).

Sou Hy miskien op Trafalgar Square sê: Die hippies en dwelmverslaafdes gaan julle voor in die Koninkryk van God?!

Kompromie, medemenslikheid sonder meer, gekunstelde balans, die lyn van die „lucky medium” en bloot nuwe terme vir die taal van ons dag, is betekenisloos in die poging tot redding van 'n gesekulariseerde beskawing wat dreig om onder te gaan.

Ons is magteloos sonder eerlike ywer en egtheid van geloof. Die enigste ware hoop van die eeue—ook van hierdie eeue—is geleë in die radikale evangelie van Christus en in die geweld van die Heilige Gees.

Ek dink in dankbaarheid terug aan sovele medege-lowiges wat ek op my reis kon ontmoet. Hulle egte rus te midde van vallende stene en hulle hartlike vertrouwe dat hulle arbeid in die Here nie tevergeefs sal wees nie, het my beskaam en versterk. *



MAKRO-ETIESE GEBOD

...in die wêreld van vandag is die makro-etiese gebod vir die (ryk) noorde: jy moet jou naaste liefhê soos jouself; dus hard werk, ekonomiese groei en om die hele groei deur te gee aan die wat oral in die wêreld agtergelaat is.

Prof. dr. H. Berkhof (Hervormd Persbureau)

—Weekbulletin

NO SEPARATION FROM MEN

In his article, "The Revolution of Freedom", Jürgen Moltmann has pointed out that a succession of freedom movements have expressed the human striving for liberation in western society. Each new movement has continued the gains of the previous ones and has attempted to overcome the continuing disappointments. But, "so far, no one of them has brought about the 'realm of freedom' itself, but each one has opened a new front in the struggle for freedom". The rising expectations of many oppressed peoples has led them to participate in their own movements toward liberation.

Domination in social customs

Women belong to one of the groups who find that the liberties gained in past revolutions of freedom have not been adequate. As an oppressed majority they point to a basic and persistent form of domination which is expressed in the various social customs regarding the man-woman relationship. As they strive to break the peculiar chains of sexism, they become aware of their solidarity with all those who aspire for full human liberation. Learning from others, they also contribute their own perspective to what is happening in the rapidly changing institutions of society.

The focus is not on new answers to theological questions, but on new ways of looking at some of those questions. It is hoped that this new angle of vision can make a contribution to the expanding awareness of the variety of human experience. This in turn can enrich the theological enterprise as it seeks to aid in the process of handing over Jesus Christ into the hands of women and men of many generations and cultures.

A new theology of woman is not the purpose here. This would make it another "genitive theology", one of a changing list of current theological fads soon to go out of date. Theology from a feminine perspective is not just a fad, and will not go out of style unless women abandon all hope in the present and future possibility of sharing with men in theological reflection.

Women not apart from men

We are not concerned for a theology of woman because there is no such thing as understanding women separate and apart from men, nor is there such a thing as a theology divided into male and female. As Mary Daly says, theology must be "concerned with problems of persons in relation to others" and not with pre-conceived notions about the nature of woman around which an isolated theology can be developed.

Nevertheless, the feminine perspective is important

to the fullness of the theological enterprise as it tries to understand and interpret the meaning of human liberation in a post-modern world. Women can add to theology their own perceptions of the one world in which we live, and on which we reflect. If theology is reflecting on the world in the perspective of God, then it becomes increasingly more whole as the experience of that world is shared by various groups of people. In and through the world we come to know God as he reveals himself. Our understanding of God and his actions changes as our own perceptions of reality change. Thus as we examine the experience and perceptions of women in society, this contributes to the understanding of the nature of humanity in relation to God.

The search of women today for a more fully human life is part of the groanings of all creation as it longs for God's liberation (Rom 8:20).

People must desire freedom

It is the nature of liberation that it is never an achieved goal, but rather a process or a journey toward freedom. Each revolution of freedom and every individual action on behalf of freedom stands as a sign of God's purpose for humankind. It always has an *already—not yet* character as it points to a promised future which is realized through small signs in the present. Although we cannot define liberation, we can work it out with others, amidst the concrete defuturizing and alienating situation in which we find ourselves and our sisters and brothers.

We cannot give liberty to others. People must desire it and take it for themselves. (Harvey Cox, "Eight Theses on Female Liberation", *Christianity and Crisis*, XXXI:16 (October 4, 1971), p. 199-202, cf. also P. Freire, "Education for Awareness", *RISK*, VI:4 (1970), p. 12.) In this sense others are not the object of liberation, rather they are those whom we would draw into partnership in the struggle for a new humanity. In the search for full human liberation, therefore, women do not stand alone, but join together in a journey with others, for others, toward God's future.

In the present ferment of social change many of the institutions or underlying patterns of culture are those of woman-man relationships. These relationships affect and are affected by all other social-political patterns. In the concern to understand the changes in the light of God's liberating action in history, the church is confronted with the task of participating with others within changing institutions, and of joining others for the purpose of changing dehumanizing institutions. *

'n ope brief —

Roepstem tot die N G Kerke

Geagte Medewerkers in Christus se diens,

„Toe Jesus naby kom en die stad sien, het Hy daarvoor geween ...” (Luk 19:41). Ek glo dat Jesus oor hierdie land ween as Hy die „Dimbaza” sien, as Hy mense onder wrede diskriminasie sien ly, as Hy ons witmense Mammon ons God sien maak wanneer ons aan ons voorregte vashou en dit ten koste van die swartmense geniet.

Ek het nou al reeds vir 'n aantal maande aan sy edele mnr. M.C. Botha, minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, oor die lyding en ontberings van die mense in die hervestigingsdorpe soos Dimbaza geskryf. Onder andere het ek sy aandag op die salarisse, onderhoudstoelaes, pensioene en rantsoene wat totaal ontoereikend is, gevestig. Helaas, soos die ryk man het hy Lazarus „voor sy poort” geïgnoreer; soos die Leviet en die priester het hy „anderkant verbygegaan”.

Nou skryf ek aan u met die hoop dat u sukses mag hê waar ek misluk het. Die rede waarom ek spesifiek aan u as predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerke skryf, is nie omdat ek dink dat predikante van ander kerke „die lig” enigins beter as u „gesien” het nie. Inteendeel, dit is my diepe oortuiging dat ons almal die skuld van ons tragiese situasie deel. Die rede waarom ek myself tot u wend, is omdat ek glo dat u in 'n unieke posisie gestel is om hulle, wat die mag het om toestande te verander, te beïnvloed sodat daar meer aan die vereistes van die Christelike etiek voldoen kan word. Waar ek daaraan blootgestel is om eenvoudig geïgnoreer te word, is dit nie die geval met u nie. Ek glo ernstig dat as u in besonder, die evangeliese waarheid openlik en vreesloos tot hulle wat in die gesagsposisie is, verkondig, u as 'n magtige hefboom vir die goeie in hierdie land optree.

Ek wil dit graag baie duidelik stel dat ek myself nie beskou as 'n eensame stem wat in die wildernis roep nie. Dit is juis omdat ek weet dat ek nie alleen is nie dat my hoop grootliks versterk is. In die afgelope maande was dit my voorreg om predikante van u kerke te kon ontmoet en met hulle in verbinding te kon wees. Ek is daarvan oortuig dat die Heilige Gees baie mense beweeg om dit te waag om die ongeregtighede wat die hele struktuur van ons samelewing deurdrenk onder die oë te sien. Ek glo dat baie Christus se uitdaging op 'n nuwe wyse aanvaar en so die moed in Hom vind om reguit te praat selfs as dit sou beteken dat 'n mens beleedig en verwerp word.

Die tyd is verstreke. Ons moet daardie mede-blankes

probeer red wat daarop staan dat alles wel is, of wat probeer om ongeregtigheid agter blote skyn van verandering weg te steek deur maatreëls wat egter slegs die barste van die ongelykheid verbloem. God waarsku ons teen daardie mense waarvan Jeremia sê: „En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede!—terwyl daar geen vrede is nie” (Jer. 6:14).

Daar word beweer dat baie mense erger daaraan toe was voordat hulle na Dimbaza gekom het. Sonder twyfel was dit vir sommige die geval, maar dan moes hulle toestand uiters ellendig gewees het. Die owerhede het tot nou toe nog in gebreke gebly om die behuising in die dorpe van Wes-Kaapland genoegsaam te verbeter, met die gevolg dat dit vanselfsprekend is dat toestande sleg is. Woordvoerders van die regering het dit openlik erken. Hulle het nie die probleem baasgeraak nie. Is dit 'n oplossing om mense in „Dimbaza” te plaas—plekke wat geringe werksmoontlikhede bied, wat te vêr van dorpe af is vir voldoende werkverskaffing? Die oplossing is tog sekerlik om behuising in die stedelike areas waar daar redelike werkseleenthede is, te verskaf.

Daar is berig dat baie mense vir huise in Dimbaza toustaan. Dit is waar. Meermale het ek self met my hoed in my hand na die owerhede gegaan om te pleit vir 'n plek vir 'n hardlose, staatlose Bantoe-familie. Dit lyk of hierdie feite sommige witmense aan die slaap gesus het om te dink dat as sommige daarnatoe wil gaan, alles tog in die haak moet wees. Die wrede werklikheid is egter dat die regte van die swartmense om in die stedelike gebiede te bly, sistematies en onverbiddelik ondergrawe is. Baie is desperaat om 'n plek te vind waar hulle toegelaat sal word om te bly. Daar is vlugteling van hulle in hulle eie land gemaak. As Dimbaza die enigste plek is wat aangebied word, sal die mense natuurlik wil toustaan om daar te kom—u en ek sal dit ook doen. Dus onderstreep die praatjies oor baie aansoeke om na die hervestigingsdorpe te kom alleenlik die ongeregtighede van die hele situasie.

'n Aantal persone is tot meegevoel beweeg deur die treurige toestande van die mense in die hervestigingsdorpe en hulle het geskrywe om te vra hoe dat hulle behulpsaam kan wees. Hulle besef dat „die uitdeling van aalmoese” alleen, hoe noodsaaklik ookal, nie 'n voldoende oplossing vir die probleme van armoede is nie. Ek het baie oor hierdie vraagstuk nagedink.

Oor die afgelope aantal maande het ek tot die besef gekom dat hervestigingsdorpe soos Dimbaza nie

maar slegs geïsoleerde voorbeelde van menslike lyding is nie, maar simptome van die krankheid van ons hele Suid-Afrikaanse samelewing. Dimbaza het vir my 'n simbool van die kanker van rassediskriminasie geword en helaas, hierdie siekte sal nie genees word om die skandaal met geringe verbeterings en aanpassings aan die hele hervestigingsbeleid te dokter nie.

Gevolgtrek as mense vra hoe dat hulle tot hulp kan wees, voel ek dat ek hulle na hulle plaaslike situasie moet verwys—hulle eie agterplaas, hulle eie Bantoe-dorp. In 'n belangrike sin is die probleem 'n eenheid—die siekte is dieselfde. Dit is dus my oorwoë mening dat elke individu wat angstig is om die probleme van die hervestigingsdorpe te help oplos, die beste geadviseer sou word om in die skreeuende nood van die naaste dorpe betrokke te raak. Wat van die toestande en spesifieke ontberings? Wat van die salarisse van hulle wat ek in diens neem? Wat doen ek daarom-trent? Hoeveel is ek gewillig om te offer om 'n samelewing, wat meer verantwoordelik is en wat my Christelike oortuigings sal weerspieël, tot stand te bring.

Waar is die „merke van die spykers” in ons wit Christendom vandag? Ons wit Suid-Afrikaanse Christene het behoefte daaraan om onself te ondersoek met die toetsteen van die evangeliese vereistes soos wat dit met ons gebruikmaking van ons geld en besittings en ons gebruik van mag in verband staan. Diskriminasie op grond van kleur is 'n misbruik van mag en misbruik van mag is 'n vorm van geweld. Gevolgtrek, as ons wat mag het niks doen om die sosiale strukture wat onderdrukking veroorsaak, te verander nie, word ons skuldig aan geweld en moet ons nie verbaas wees as die slagoffers met selfverdediging antwoord nie. Te meer nog sal ons ook die skuld daarvan deel dat ons hulle aanleiding gegee het. Die Bantoes wil nie op ons „aalmoesse” staatmaak nie—hulle wil werk en 'n regverdige loon verdien. Hulle wil hulle regte hê.

Die Ou Testament dreun van God se vereistes vir geregtigheid: „Is dit nie die vas wat Ek verkies: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat hulle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerweling in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is dat jy hom klee ... (Jes. 58:6,7). „Want Ek, die Here, het reg lief ...” (Jes. 61:8). Ons Meester verkondig dat dit deel van sy taak is „om aan die gevangenes vrylating te verkondig” (Luk. 4:19). Hy bestraf hulle wat „laste wat swaar is om te dra op die mense lê (Luk. 11:46), en Hy veroordeel die Fariseërs wat die gewigtigste van die wet, soos die reg, nalaat (Mat. 23:23).

As leraars van die Ned. Geref. Kerke glo ek, soos ek reeds gesê het, is u op 'n unieke wyse geplaas om vir 'n Goddelike verandering in hierdie land te werk. Dan alleen sal die „Dimbaza's” ophou. Dit is my oortuiging dat God u tot 'n profetiese rol roep onder die mense wat mag in ons land uitoefen. Mag God almagtig u met

sy krag en Woord toerus.


Môre sal ek weer vry wees om normaal te leef na 6 maande op R5 per maand. Ek voel swak en uitgemergel. Ek het 'n groot verlange en behoefte om van alles weg te breek soos 'n man wat op die punt staan om uit die tronk vrygelaat te word. Vir die meeste van ons swart broeders in Christus is daar egter geen vrylating nie. Vir te veel is die situasie ondraaglik, vernederend en sonder einde.

Kan ons hulle laat staan? Christus sal ons nie toelaat nie. Tot daardie mate wat ons Hom in ons lewe eerste stel en ons eie belange nalaat, sal ons onself met sy werk besig vind, om sy redding en genesing oor te dra, om geregtigheid na te jaag en onderdrukking op te hef (Jes. 1:17), om God se wil op aarde te doen.

Die Uwe in Sy diens,

Ds. D.P.H. Russell

Leopoldstraat 15,
King Williams Town,
14 Oktober 1972.



Ds. D.P.H. Russell is 'n leraar van die Anglikaanse Kerk, King William's Town.



Christian Responsibility for Society

Danie van Zyl

Spro-cas is sponsored by the South African Council of Churches and the Christian Institute of Southern Africa. It thus has links with both the institutional Church and Christian bodies working in specialised fields. The work of *Spro-cas* is itself specialised and limited. It does not attempt to do the work of the Church, but to assist the Church in a specific way. It seeks some vision of what South African society could be if Christianity was taken seriously, and in what way churches, organisations, institutions, government departments and individuals can work towards such a society.

The following five Biblical Principles underlie the work of *Spro-cas*.

The Principle of Change

II Corinthians 5:17. There is a new world; the old order has gone, and a new order has already begun.

Galatians 6:16. Circumcision is nothing; uncircumcision is nothing; the only thing that counts is new creation! Whoever they are who take this principle for their guide, peace and mercy be upon them.

Revelation 21:5. Then he who sat on the throne said, Behold! I am making all things new.

Concepts like 'a new world', 'a new order', 'new creation', 'all things made new', are basic in the Biblical Message. The good news is the call to change from evil to good, and the possibility of this change taking place. In the Bible both man and society are seen to be in need of redemption. Our society too needs continual renewal. Christians should not fear such renewal or change, but welcome it, and see themselves as active collaborators in change. This is the call that comes to us through the Bible.

The Principle of Concern for Life

Matthew 11:4-6. Go and tell John what you hear and see: the blind recover their sight, the lame walk, the lepers are made clean, the deaf hear, the dead are raised to life, the poor are hearing the good news.

Matthew 25:36. For when I was hungry, you gave

me food; when thirsty, you gave me drink; when I was a stranger you took me into your home; when naked you clothed me; when I was ill, you came to my help; when in prison you visited me.

Matthew 15:32. I feel sorry for all these people; they have been with me now for three days and have nothing to eat.

When reading the Gospel narrative one clearly sees the deep concern Jesus had for life on all levels. Jesus is concerned about people who suffer from physical disability (sickness, cripples), economic deprivation (the poor), restrictions on their freedom (those in prison), alienation from society (lepers, mentally disturbed and prostitutes). While the Gospels focus on the situation of the individual and how his plight can be relieved, sociology, economics and political science today give us insight into the forces that shape our society. It would be plainly irresponsible today if we still confined our concern to providing relief for the individual, rather than changing those forces in society which cause deprivation and suffering.

The Principle of Christian Participation

Luke 10:1. After this the Lord appointed a further 72 and sent them on ahead in pairs to every town and place he was going to visit himself.


John 15:15. I call you servants no longer; a servant does not know what his master is about. I have called you friends, because I have disclosed to you everything that I heard from my father.

Matthew 23:8. But you must not be called rabbi; for you have one Rabbi, and you are all brothers.

Jesus saw men as brothers, and as brothers they were called to share together in the Christian community. Man must not dominate nor exploit other men, politically, economically, spiritually or psychologically.

The Principle of Stewardship

Matthew 25:14. It is like a man going abroad, who called his servants and put his capital in their hands.



Rev. Danie van Zyl is a minister of the Tsonga Presbyterian Church and the Communications Director for Spro-cas 2 (sponsored by the Christian Institute and The South African Council of Churches.

1 Corinthians 4:2. Well then, stewards are expected to show themselves trustworthy.

1 Peter 4:10. Whatever gift each of you may have received, use it in service to one another, like good stewards dispensing the grace of God in its varied forms.

Not only are we stewards of our own lives and abilities, but also of the land we live in, the soil, the water and the air. We are also stewards of the social processes under our control, whether it be as employer, committee member, or driver of a motor vehicle. It seems that westerners too often operate on a principle of ownership implying a responsibility only to self, whereas the Bible suggests rather a management principle where we are entrusted with resources and are responsible in using them to both God and our fellowman.

The Principle of Human Worth

Luke 12:6. Are not sparrows five for twopence? And yet not one of them is overlooked by God. More than that, even the hairs of your head have all been counted. Have no fear; you are worth more than any number of sparrows.

Ephesians: 2:10. For we are God's handiwork, created in Christ Jesus to devote ourselves to the good deeds for which God has designed us.

Galatians 3:28. There is no such thing as Jew and

Greek, slave and freeman, male and female; for you are all one person in Christ Jesus.

Above all the Bible places a value on each person. Man has been re-evaluated in the death of Christ. The new man in Christ has been freed to devote himself to the renewal of the world. The freedom of the Christian is a freedom to be true man loved by Christ and free to love. Christian love overcomes the alienation between man and man. Christian love denounces as false all that humiliates man, all that restricts his freedom, all that oppresses him, all that exploits him and all that alienates him from his fellows. *

LETTER (cont.)

affects... the way in which Africans hear, understand and profess the Christian faith" and refers to the difficulty that would be experienced in teaching the Parousia of Christ or eschatology. He seems to have forgotten that all religions, including African (as he shows in his book) subscribe to a transcendental time element beyond our limited time span on earth.

Eschatology, the doctrine of life after death, is no stranger to people who believe in ancestors who live beyond the grave and continue to influence the destinies of the living. The same can be said for Parousia (the second coming of Christ), since by implication a belief in ancestors argues for some form of resurrection.

Mbiti is worried about the tenses to use in these instances, but seems unaware of the wealth of distinctions within tenses that some African languages use to denote the passage of time. There are nuances and shades of meaning to describe, say, future events that do not exist in English.

It appears that Mbiti is working on the assumption that the African people will not change in time. A society sees itself as existing in perpetuity and trains its members for its continuance as it is. When events overtake it, the people either change and adopt the new ways or die. When they adopt the new values they become members of the new society.

This has happened to Africans who willy-nilly have been thrown into an all-powerful technological society of whites with its all-pervasive values and its omnipotent, omniscient and omnipresent God. Africans have adapted and are adapting to the new values. They have come to place the same value on time as whites do, albeit slowly. *

In all fairness to Prof. John Mbiti, it should be stated that his articles, which appeared originally in "Africa Theological Journal" (Makumira Lutheran Theological College, Tanzania) and which were printed in Pro Veritate with the journal's permission, were presumably on the situation in Tanzania.

—Editor

TIME CONCEPT OF BLACKS

John Mbiti has made some pretty sweeping statements on the African "Concept of Time" (Pro Veritate, 15/8/72). To quote just one, "The African in traditional life is little concerned about the question of time." This sounds suspiciously like the white man's oft-repeated complaint that the "African has no sense of time"—the white man's, that is.

It is not clear what African Mbiti is talking about. And perhaps he should have told us just what "African in traditional life" he had in mind before expatiating on what he regards as the African concept of time. For, as he himself has shown in his book (Concepts of God in Africa, SPCK, 1970) and as other writers have shown before him and since, there is no uniformity in African cultures.

True, there are groupings which have common cultural and linguistic features, but as between these groupings there are wide divergences e.g. as between the "Bantu" group and, say, the West African groups. Needless to say, cultural differences are found throughout the world, and are but different ways of dealing with man's universal problem of survival.

Mbiti confuses his definition of time with the activities people perform within time when he states that to the African "Time is merely a sequence of events which have occurred and those taking place now or in the immediate future".

Time is viewed by the African—and I mean any African—and all other human beings as a series of regularly recurring events within which the activities (events) of their lives take place. The sun rises and sets, the seasons come and go, and nature's rhythms go on with a regularity that can be predicted to a nicety.

These are the events which mark the passage of time and which we call time. They form an immutable part of man's experience and of his relationship with nature and they operate independently of man. One does not have to be an Einstein to note the cycle of seasons in the period we call a year and their effect on our activities and the rest of nature's creation.

Mbiti goes on to say that "the traditional time concept is ... two-dimensional, with a long past, a present and practically no future. The linear time concept with a past, present and future such as in European thought is almost unknown in African thought."

This is an example of sloppy thinking on Mbiti's part. Is he not aware that a two-dimensional concept of time (or of anything else for that matter) is by definition linear? Time may be cyclical within the period of a year, but for man it moves from the dim past to an

even dimmer future, from birth to death in a never ending straight line.

As he points out, "The future is unfolding in what is now taking place, but the moment it has happened it is no longer future but present or past." One qualification needs to be made here: once "it has happened" it is past. The present, strictly speaking, constitutes only each micro-second of actual experience and is past at the moment of occurrence. We use what may be called an "operational present" to define, orient, order, regularise and give some fixity to our immediate activities in time. The present is a permanent state of passing.

A "long past" is not a monopoly of the African. Societies with recorded time have an even longer known past e.g. Jews, Chinese, Ethiopians, etc.

Mbiti stresses the point that "There is no future in the African concept of time ... it (the future) has no meaning ... People therefore do not know how to think about it ... No interest is felt in future events further than two years."

I cannot imagine what African Mbiti is talking about. Take man's personal experience of events in time as they affect him. People copulate; a woman is pregnant for nine months; a child is born which in time grows into adulthood, procreates (if it is lucky), grows old and dies. This is a predictable pattern of events within time, having its own time cycle and applies to all other events as well e.g. cultivating land. Because of the regularity with which these events have occurred in the past they are projected into expectations of the future order of things.

What is even more important all societies—African no less—*plan* for these events *before* they occur, and act upon them. Take training of children, as an example. Africans train their children to take over adult roles. Does this argue for a people whose concept of future time does not go beyond two years? People who cannot think about the future? What is training but preparing for a future extending beyond two years?


Mbiti seems to have got his social theory mixed up. No society could survive for a single day whose conception of the future was limited to two years. Societies survive only because, by drawing from past experience, they have been able to observe, classify, anticipate, plan and work for the future within the constantly recurring cycle of events which denote time. Societies are geared for survival. In other words, continuance into the dim future.

Mbiti suggests that the "African concept of time


Christian Education: CHRIST IN MODERN LIFE?

In the first century, some people in Palestine, through their relationship with Jesus Christ, had a direct experience of such a nature that their lives were radically altered. They found themselves within a new kingdom possessing an inward power and sensing a glory in existence that they had never known. All this was an inward experience, and they described it as the Good News for themselves. They went out and shared this life-changing experience with others.

